Ps. 42:1, 5
Gs. 191:1, 5
Ges. 155:6
" 158: 4, 5.

# Die Tekens van Sy Koms.

Matt. 24:1-31

Potchefstroom. 9 Nov '57
Kroonstad-Se D/s 17 Nov 57

Matt. 24:8 – Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.

Ons lewe in 'n tyd van tekens, v. baie tekens: tekens op aarde en in die lug. Vir die wêreldling is dit maar net interessante, prikkelende, sensasiemakende gebeurtenisse. Vir die gelowige is dit baie meer: die sprekende bewyse van die waarheid v. Gods Wd. – dat alles ~~~~ heenwys na die voleinding van alle dinge en na die Koms van Xtus in heerlikheid. Dan is die dinge wat vandag gebeur om ons en bo ons heen-die dinge wat vandag gebeur om ons en bo ons heenwysinge, d. vervulling van voorspellinge van Xtus se Koms.

En nou vra 'n mens miskien dadelik: Maar wat het hd. teks en hd. gedagtes te doen met Nagml., met d. tekens van brood en wyn? Dit, my br. v. susters, dat daar d. nouste verwantskap is tussen ons Nagmlsviering v. Xtus se wederkoms. Dan sê Xtus: „Doen dit tot my gedagtenis" = nie net d. gedagte nie dat Ek eenmaal op d. aarde was nie, mr. ook d. gedagtenis dat Ek eenmaal weer na d. aarde kom! Dan sê Paulus in 1 Kor. 11: „Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom"! – waardeur Paulus as 't ware die gelowiges toeroep: Onthou, elke Nagmaal is 'n tydige herinnering aan elke belyer v. Christus se Naam: Jesus Christus kom weer! Verwag sy Koms! Verwelkom sy Koms!

Dan behandel ons vka. met u d. tekens van sy Koms en dan môre-oggend ons gedagtes te vestig op die verwagting van Xtus se Koms. Ons teksvers sê aan ons: „Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte". Wys dan op:

I Die Tekens v.d. Tye
II Die Betekenis van hd. Tekens

I Die Tekens v.d. Tye: Die wederkoms v.d. Here Jesus Xt. aan d. einde v.d. tye was vir d. ware gelowige nog altyd 'n heerlike Skrifwaarheid wat hom besiel & versterk het. Veral in tye van groot donkerheid & benoudheid, in tye van donker beproewing & vervolging het die gedagte aan Xt. se wederkoms gedien as 'n bemoediging vir duisende vervolgdes, vermoordes & verdruktes. Reikhalsend is daar in sulke tye uitgesien na al d. tekens v. Xt. se koms soos Hy self dit voorspel en voorteken het.

Ons teksvers kom juis uit so 'n gedeelte waar Jesus 'n oorsig gee van al d. tekens wat ons te wagte kan wees in d. loop v.d. eeue wat oploop tot 'n groot & magtige klimaks met sy verskyning in heerlikheid en glorie op d. wolke v.d. hemel. a) Die woorde „hierdie dinge" verwys i.d. eerste plek na d. verwoesting van Jerusalem in 70 n.C., maar Xtus gebruik d.w. vraag van sy dissipels (v. 3) om ~~ook~~ 'n volledige voorspelling & beskrywing te gee oor al d. tekens wat ons as Xtene v. alle tye te wagte kan wees tot met sy wederkoms.

Hierdie tekens kan ons in 6 groepe verdeel:

① Volkerebotsinge: „En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie" Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander" (6 & 7). So beskryf die Here Jesus die botsinge tussen groot wêreldmagte & aardse koninkryke as een v.d. tekens v.d. tye.

Sien i.d. gesk. v.d. botsinge – sien hoe hulle met steeds kwaaier herhaling in ons tyd hulle afspeel: W.O. I, W.O. II – Kragmeting v.d. koninkryke v.d. Weste teen dié v.d. Ooste.

→ „As dit d. teken was, was v sy koms, dan lankal gekom" Antwd: ① nie enigste ② verskyn.

② Natuurverskynsels: Twee fases in hd. verskynsels: „Aardbewings op versk. plekke" = die aanvanklike tekens. Dan ons d. verdrukking. „En dadelik ná die verdrukking van dd. dae sal d. son verduister word en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal v.d. hemel val, en d. kragte v.d. hemele sal geskud word" En ~~Markus~~ Lukas voeg by: (~~Mark.~~ Luk. ~~13:25~~ 21:11): „En daar sal verskriklike dinge en groot tekens v.d. hemel kom" Luk 21:25

Betekenis: in stygende mate d. normale gang v.d. Skepping versteur word deur magte v.d. natuur wat ontwortel word totdat uiteind. die hele sonnestelsel ontwrig word in 'n dag van skrik en ontsetting soos d. wêr. nog nooit geken het nie.

③ Maatsk. ontwrigtinge: „En daar sal hongersnode wees en pessiektes" (Matt. 24: 38).

→ Vlugtelingekampe,

④ Sedel. verwildering: „En die een broer sal die ander tot die dood oorlewer, en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak" (Mark. 13:12) „En omdat d. ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde v.d. meeste verkoel" (Matt. 24:12)

→ Tekens v.d. vandag

⑤ Geestel. verwarringe: a) „Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (v. 5) = voor Jerus. se verwoesting, vir. seker met sowel v. toepassing op d. eindtyd. Loop tot skrikwekkende klimaks i.d. verskyning v.d. antichris = „die gruwel v.d. verwoesting" Vers 11:

→ Valse leraars & profete.

⑥ Godsd. verdrukkinge: v. 9 „Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al d. nasies gehaat word terwille van my Naam" (v. 14) Hoe meer verdrukking, hoe kragtiger verkondiging. Noods. voorspel ~~tot~~ voltooiing.

II Die Betekenis v.d. Tekens:

a) Eerstens vir Jerusalem:

(1) Voltrekking v. oordeel v God oor hardnekkige Israel

(2)